# PATIENT INFORMATION LEAFLET

**SCHEDULING STATUS** S0

**MĒLTEEZ™ MAGNESIUM**, powder.
Magnesium

Sugar Free.
Contains sugar alcohol: Sorbitol 643,50 mg per stick.
Contains sweetener: Stevia powder 20,00 mg per stick.

Complementary Medicine
D34.7 Health supplement, Minerals

This unregistered medicine has not been evaluated by the SAHPRA for its quality, safety or intended use.

**Read all of this leaflet carefully because it contains important information for you**
MĒLTEEZ MAGNESIUM is available without a doctor's prescription. Nevertheless, you still need to use MĒLTEEZ MAGNESIUM carefully to get the best results from it.
- Keep this leaflet. You may need to read it again.
- Do not share MĒLTEEZ MAGNESIUM with any other person.
- Ask your pharmacist if you need more information or advice.
- A varied diet is the most effective and safe way to achieve good nutrition, health, body composition, as well as mental and physical performance.

**What is in this leaflet**

1. What MĒLTEEZ MAGNESIUM is and what it is used for
2. What you need to know before you take MĒLTEEZ MAGNESIUM
3. How to take MĒLTEEZ MAGNESIUM
4. Possible side effects
5. How to store MĒLTEEZ MAGNESIUM
6. Contents of the pack and other information


**1. What MĒLTEEZ MAGNESIUM is and what it is used for**
MĒLTEEZ MAGNESIUM contributes to the reduction of tiredness and fatigue and assists in the maintenance of normal muscle function.

**2. What you need to know before you take MĒLTEEZ MAGNESIUM**
**Do not take MĒLTEEZ MAGNESIUM:**
- if you are hypersensitive (allergic) to the active substances or any of the other ingredients of MĒLTEEZ MAGNESIUM (listed in section 6).
- if you have appendicitis (an inflamed appendix) or acute surgical abdomen (severe abdominal pain that comes on suddenly and is so serious that it might require immediate surgery).
- if you have faecal impaction (blockage where normal bowel movements stop, requiring medical intervention for removal) or rectal fissures.
- if you have an intestinal obstruction (partial or complete blockage that stops food, fluid, and gas from passing through the small or large intestines) or perforation (hole that develops in the wall of the gastrointestinal tract).
- if you have any gastric lesions or disorders (conditions affecting the stomach or the digestive system).
- if you have myocardial damage (damage to the heart muscle).
- if you have any cardiovascular conduction disorders (issues with your heart preventing it from beating in a regular, coordinated way).
- if you are following a low-sodium (salt) diet.
- if you have an existing electrolyte imbalance.
- if you are dehydrated.
- if you have a rare genetic disorder of fructose intolerance (unable to break down fructose). MĒLTEEZ MAGNESIUM contains sorbitol, which is a source of fructose.

Do not give MĒLTEEZ MAGNESIUM to children younger than 12 years of age.

**Warnings and special precautions**
If you are taking any prescribed medication, please check with your healthcare provider before taking MĒLTEEZ MAGNESIUM.

Special care should be taken with MĒLTEEZ MAGNESIUM.

Consult a relevant healthcare provider before use:
- if you have renal impairment (kidneys are not working as well as they should). Use should be closely monitored.
- if you have myasthenia gravis or other neuromuscular disease affecting the nerves and muscles.
- if you have any heart conditions. Magnesium supplements may worsen heart conditions. Magnesium may not be used in some instances (see **Do not take MĒLTEEZ MAGNESIUM**).
- if you are pregnant or breastfeeding your baby. Use is not recommended (see **Pregnancy and breastfeeding and fertility**).
- MĒLTEEZ MAGNESIUM contains sorbitol and magnesium, which may affect the bioavailability and effectiveness of other oral medicines when taken together (see **Other medicines and MĒLTEEZ MAGNESIUM**).
- MĒLTEEZ MAGNESIUM should not be used as a substitute for a varied diet.

Discontinue use and consult a relevant healthcare provider if you experience flushing, dizziness or fainting, muscle paralysis, or trouble breathing.

**Other medicines and MĒLTEEZ MAGNESIUM**
Always tell your healthcare provider if you are taking any other medicine (this includes complementary or traditional medicines).

Tell your doctor if you are using any of the following medicines:
- bisphosphonates, e.g., alendronate (a group of medicines that work by slowing bone loss)
- tetracyclines (antibiotics)
- quinolones (antibiotics)
- gabapentin (anti-epileptic)
- calcium channel blockers, e.g., amlodipine, verapamil (used for high blood pressure and certain heart conditions)
- dolutegravir (anti-viral medication)
- levothyroxine (thyroid medication)

MĒLTEEZ MAGNESIUM contains sorbitol, which can have an effect on the bioavailability (amount of medicine that is absorbed and available in your body) of other medicines when taken together. This can affect how well the other medicines work.

Total sorbitol consumption through MĒLTEEZ MAGNESIUM and other medicines and supplements should be taken into account, as this can add to the effect of sorbitol on your body.

Consult your doctor, pharmacist, or healthcare provider for advice if you are unsure.

**MĒLTEEZ MAGNESIUM with food and drink and alcohol**
Total sorbitol consumption through MĒLTEEZ MAGNESIUM and food and drink should be taken into account, as this can add to the effect of sorbitol on your body.

**Pregnancy and breastfeeding and fertility**
Use during pregnancy and while breastfeeding is not recommended.

If you are pregnant or breastfeeding, think you may be pregnant or are planning to have a baby, please consult your doctor, pharmacist, or other healthcare provider for advice before using this medicine.

**Driving and using machines**
MĒLTEEZ MAGNESIUM should not influence your ability to drive or operate machinery; however, it is not always possible to predict to what extent MĒLTEEZ MAGNESIUM may interfere with the daily activities of a patient. Patients should ensure that they do not engage in the above activities until they are aware of the extent to which MĒLTEEZ MAGNESIUM affects them.

**MĒLTEEZ MAGNESIUM contains** citric acid anhydrous, stevia powder (sweetener), sorbitol (sugar alcohol), flavouring (strawberry), and silicon dioxide.

MĒLTEEZ MAGNESIUM contains 643,50 mg sorbitol per stick. Contact your doctor before taking MĒLTEEZ MAGNESIUM if you have been informed or if you suspect that you have an intolerance to some sugars. Patients with a rare genetic problem of intolerance to sorbitol or fructose should not use MĒLTEEZ MAGNESIUM (see **What you need to know before you take MĒLTEEZ MAGNESIUM)**.

**3. How to take MĒLTEEZ MAGNESIUM**
Do not share medicines prescribed for you with any other person.

Always take MĒLTEEZ MAGNESIUM exactly as described in this leaflet or as your doctor or pharmacist has told you. Check with your doctor or pharmacist if you are not sure.

The usual dose for adults and children aged 12 years and older:
Take the contents of one stick daily.
Place the contents directly on the tongue and allow to dissolve slowly in the mouth. It can also be dissolved in a glass of water.

Not indicated for use in children younger than 12 years.

Route of administration: Oral

Do not take other medications for at least two (2) hours before or six (6) hours after taking MĒLTEEZ MAGNESIUM (see **Other medicines and MĒLTEEZ MAGNESIUM**).

**If you take more MĒLTEEZ MAGNESIUM than you should**
You may experience sudden onset or increased severity of the side effects. Discontinue use and consult your doctor or pharmacist.

The following are symptoms of hypermagnesemia (too much magnesium):
- flushing
- headache
- nausea
- vomiting
- thirst
- hypotension
- confusion
- loss of tendon reflexes
- muscle weakness
- cardiac arrhythmias
- cardiac arrest

Symptoms of overdose, especially in patients with impaired kidney function, may also include:
- drowsiness
- slow heartbeat
- trouble breathing
- dizziness or fainting
- blurred or double vision
- coma

In the event of overdosage, consult your doctor or pharmacist. If neither is available, contact the nearest hospital or poison centre.

**If you forget to take MĒLTEEZ MAGNESIUM**
Do not take a double dose to make up for forgotten individual doses. Take the usual dose as described in this leaflet.

**4. Possible side effects**
MĒLTEEZ MAGNESIUM can have side effects.

Not all side effects reported for MĒLTEEZ MAGNESIUM are included in this leaflet. Should your general health worsen or if you experience any untoward effects while using MĒLTEEZ MAGNESIUM, please consult your doctor, pharmacist, or other healthcare provider for advice.

If any of the following happen, stop using MĒLTEEZ MAGNESIUM and tell your doctor immediately or go to the casualty department at your nearest hospital:
- swelling of the hands, feet, ankles, face, lips and mouth or throat, which may cause difficulty in swallowing or breathing
- rash or itching
- fainting

These are all very serious side effects. If you have them, you may have had a serious reaction to
MĒLTEEZ MAGNESIUM. You may need urgent medical attention.

If any of the following happen, stop taking MĒLTEEZ MAGNESIUM and tell your doctor immediately or go to the casualty department at your nearest hospital:
- dizziness
- fainting
- muscle paralysis
- flushing
- trouble breathing

These are all serious side effects. You may need urgent medical attention.

Tell your doctor if you notice any of the following side effects.
Symptoms of which the frequency is unknown:
- nausea
- vomiting
- abdominal pain/cramps
- loose stools (diarrhoea)
- flatulence

If you notice any side effects not mentioned in this leaflet, please inform your doctor or pharmacist.

**Reporting of side effects**
If you get side effects, talk to your doctor, pharmacist, or nurse. You can also report side effects to the SAHPRA via the Med Safety APP (Medsafety X SAHPRA) and eReporting platform (who.umc.org) found on the SAHPRA website. By reporting side effects, you can help provide more information on the safety of MĒLTEEZ MAGNESIUM.

**5. How to store MĒLTEEZ MAGNESIUM**
- Store all medicines out of reach of children.
- Store in a cool, dry place at or below 25 °C.
- Store in the original packaging.
- Protect from light and moisture.
- Do not store in a bathroom.
- Do not use after the expiry date stated on the sachet/carton.
- Return all unused medicine to your pharmacist.
- Do not dispose of unused medicine in drains or sewerage systems (e.g. toilets).

**6. Contents of the pack and other information**
**What MĒLTEEZ MAGNESIUM contains**
Active ingredients per 1,3 g stick:

| | |
|---|---|
| Magnesium citrate malate | 600 mg |
| providing Magnesium (elemental) | 90 mg |

Other ingredients are citric acid anhydrous, stevia powder (sweetener), sorbitol (sugar alcohol), flavouring (strawberry), silicon dioxide.

**What MĒLTEEZ MAGNESIUM looks like and contents of pack**
Sticks, each containing 1,3 g fine, white powder, packed into an outer carton. Pack size: 30 sticks.

**Prospective holder of certificate of registration**
Talo Consumer Solutions (Pty) Ltd
30 Bell Crescent
Hennopspark Ext 7
Centurion
0172

**This leaflet was last revised in**
January 2026

**Registration numbers**
To be allocated.

**Access to the corresponding Professional Information**
Can be obtained by scanning the QR code below.
Email: info@tcsbrands.co.za
Telephone: 012 010 0815

MMP_PIL(E)_REV01_2026

# PASIËNTINLIGTINGSVOUBILJET

**SKEDULERING STATUS** **S0**

**MĒLTEEZ™ MAGNESIUM**, poeier.
Magnesium

Suikervry.
Bevat suikeralkohol: Sorbitol 643,50 mg per sakkie.
Bevat versoeter: Steviapoeier 20,00 mg per sakkie.

Komplementêre Medisyne
D34.7 Gesondheidsaanvulling, Minerale

Hierdie ongeregistreerde medisyne is nie deur die SAHPRA vir sy kwaliteit, veiligheid of beoogde gebruik geëvalueer nie.

**Lees die hele voubiljet noukeurig deur, want dit bevat belangrike inligting vir jou**
MĒLTEEZ MAGNESIUM is beskikbaar sonder 'n dokter se voorskrif. Nietemin moet jy MĒLTEEZ MAGNESIUM steeds versigtig gebruik om die beste resultate daaruit te kry.
- Bewaar hierdie pamflet. Jy sal dit dalk weer moet lees.
- Moenie MĒLTEEZ MAGNESIUM met enige ander persoon deel nie.
- Vra jou apteker as jy meer inligting of advies benodig.
- 'n Gevarieerde dieet is die mees doeltreffende en veiligste manier om goeie voeding, gesondheid, liggaamsamestelling sowel as geestelike en fisiese prestasie te bereik.

**Wat is in hierdie voubiljet**
1. Wat MĒLTEEZ MAGNESIUM is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat jy moet weet voordat jy MĒLTEEZ MAGNESIUM neem
3. Hoe om MĒLTEEZ MAGNESIUM te neem
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om MĒLTEEZ MAGNESIUM te stoor
6. Inhoud van die pakkie en ander inligting

## 1. Wat MĒLTEEZ MAGNESIUM is en waarvoor dit gebruik word
MĒLTEEZ MAGNESIUM dra by tot die vermindering van moegheid en uitputting en help met die handhawing van normale spierfunksie.

## 2. Wat jy moet weet voordat jy MĒLTEEZ MAGNESIUM neem
**Moenie MĒLTEEZ MAGNESIUM neem:**
- as jy hipersensitief (allergies) is vir die aktiewe stowwe of enige van die ander bestanddele van MĒLTEEZ MAGNESIUM (gelys in afdeling 6) nie.
- as jy appendisitis (‘n ontsteekte blindederm) of akute sjirurgiese buik (erge buikpyn wat skielik begin en so ernstig is dat dit onmiddellike sjirurgie mag vereis) het nie.
- as jy fekale impaksie (blokkasie waar normale dermbewegings stop en wat mediese ingryping vir verwydering vereis) of rektale fissure het nie.
- as jy dermobstruksie (gedeeltelike of volledige blokkasie wat verhoed dat voedsel, vloeistof en gas deur die dunderm of dikderm beweeg) of perforasie (gat wat in die wand van die spysverteringskanaal ontwikkel) het nie.
- as jy enige maagletsels of -afwykings (toestande wat die maag of die spysverteringstelsel aantas) het nie.
- as jy miokardiale skade (skade aan die hartspier) het nie.
- as jy enige kardiovaskulêre geleidingsversteurings (probleme met jou hart wat verhoed dat dit op 'n gereelde, gekoördineerde manier klop) het nie.
- as jy 'n lae-natrium (sout) dieet volg nie.
- as jy 'n bestaande elektrolietwanbalans het nie.
- as jy gedehidreer is nie.
- as jy 'n seldsame genetiese afwyking van fruktose-intoleransie (nie in staat om fruktose af te breek) het nie. MĒLTEEZ MAGNESIUM bevat sorbitol, wat 'n bron van fruktose is.

Moenie MĒLTEEZ MAGNESIUM aan kinders jonger as 12 jaar gee nie.

**Waarskuwings en spesiale voorsorgmaatreëls**
Indien jy enige voorgeskrewe medikasie gebruik, raadpleeg asseblief jou gesondheidsorgverskaffer, voordat jy MĒLTEEZ MAGNESIUM neem.

Spesiale sorg moet geneem word met MĒLTEEZ MAGNESIUM.

Raadpleeg 'n relevante gesondheidsorgverskaffer voor gebruik:
- as jy ingekorte nierfunksie het (niere werk nie so goed as wat hulle moet nie). Gebruik moet noukeurig gemonitor word.
- as jy myasthenia gravis of ander neuromuskulêre siekte het wat die senuwees en spiere aantas.
- as jy enige harttoestande het. Magnesiumaanvullings kan harttoestande vererger. In sommige gevalle mag magnesium nie gebruik word nie (sien **Moenie MĒLTEEZ MAGNESIUM neem**).
- as jy swanger is of jou baba borsvoed. Gebruik word nie aanbeveel nie (sien **Swangerskap en borsvoeding en vrugbaarheid**).
- MĒLTEEZ MAGNESIUM bevat sorbitol en magnesium, wat die biobeskikbaarheid en effektiwiteit van ander orale medisyne kan beïnvloed wanneer dit saam geneem word (sien **Ander medisyne en MĒLTEEZ MAGNESIUM**).
- MĒLTEEZ MAGNESIUM moet nie as 'n plaasvervanger vir 'n gevarieerde dieet gebruik word nie.

Staak gebruik en raadpleeg 'n relevante gesondheidsorgverskaffer as jy blosing, duiseligheid of floutes, spierverlamming of probleme met asemhaling ervaar.

**Ander medisyne en MĒLTEEZ MAGNESIUM**
Vertel altyd jou gesondheidsorgverskaffer as jy enige ander medisyne gebruik (dit sluit komplementêre of tradisionele medisyne in).

Vertel jou dokter as jy enige van die volgende medisyne gebruik:
- bisfosfonate, bv. alendronaat (’n groep medisyne wat werk deur beenverlies te vertraag)
- tetrasikliene (antibiotika)
- kinolone (antibiotika)
- gabapentien (anti-epileptiese middel)
- kalsiumkanaalblokkeerders bv. amlodipien, verapamiel (gebruik vir hoë bloeddruk en sekere harttoestande)
- dolutegravir (antivirale medikasie)
- levotiroksien (skildkliermedikasie)

**MĒLTEEZ MAGNESIUM bevat** sorbitol, wat 'n effek kan hê op die biobeskikbaarheid (hoeveelheid medisyne wat geabsorbeer word en beskikbaar is in jou liggaam) van ander medisyne wanneer dit saam geneem word . Dit kan beïnvloed hoe goed die ander medisyne werk.

Totale sorbitol verbruik deur MĒLTEEZ MAGNESIUM en ander medisyne en aanvullings moet in ag geneem word, aangesien dit kan bydra tot die effek van sorbitol op jou liggaam.

Raadpleeg jou dokter, apteker of gesondheidsorgverskaffer vir advies as jy onseker is.

**MĒLTEEZ MAGNESIUM met kos en drank en alkohol**
Die totale sorbitol-inname deur MĒLTEEZ MAGNESIUM en kos en drank moet in ag geneem word, aangesien dit die effek van sorbitol op jou liggaam kan verhoog.

**Swangerskap en borsvoeding en vrugbaarheid**
Gebruik tydens swangerskap en borsvoeding word nie aanbeveel nie.

As jy swanger is of borsvoed, dink jy is dalk swanger of beplan om ‘n baba te hê, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer vir advies, voordat jy hierdie medisyne gebruik.

**Bestuur en gebruik van masjiene**
MĒLTEEZ MAGNESIUM behoort nie jou vermoë om te bestuur of masjinerie te gebruik, te beïnvloed nie; dit is egter nie altyd moontlik om te voorspel tot watter mate MĒLTEEZ MAGNESIUM met die daaglikse aktiwiteite van 'n pasiënt kan inmeng nie. Pasiënte moet verseker dat hulle nie by bogenoemde aktiwiteite betrokke raak, totdat hulle bewus is van die mate waartoe MĒLTEEZ MAGNESIUM hulle affekteer nie.

**MĒLTEEZ MAGNESIUM bevat** anhidriese sitroensuur, steviapoeier (versoeter), sorbitol (suikeralkohol), geursel (aarbei) en silikondioksied.

MĒLTEEZ MAGNESIUM bevat 643,50 mg sorbitol per sakkie. Kontak jou dokter voordat jy MĒLTEEZ MAGNESIUM neem as jy ingelig is of as jy vermoed dat jy 'n intoleransie teenoor sommige suikers het. Pasiënte met 'n seldsame genetiese probleem van intoleransie teenoor sorbitol of fruktose moet nie MĒLTEEZ MAGNESIUM gebruik nie (sien **Wat jy moet weet voordat jy MĒLTEEZ MAGNESIUM neem**).

## 3. Hoe om MĒLTEEZ MAGNESIUM te neem
Moenie medisyne wat vir jou voorgeskryf is met enige ander persoon deel nie.

Gebruik MĒLTEEZ MAGNESIUM altyd presies soos beskryf in hierdie voubiljet of soos jou dokter of apteker jou vertel het. Bevestig met jou dokter of apteker as jy nie seker is nie.

Die gewone dosis vir volwassenes en kinders van 12 jaar en ouer:
Neem die inhoud van een sakkie daagliks.
Plaas die inhoud direk op die tong en laat dit stadig in die mond oplos. Dit kan ook in 'n glas water opgelos word.

Nie aangedui vir gebruik in kinders jonger as 12 jaar nie.

Roete van toediening: Mondeliks

Moenie ander medikasie neem vir ten minste twee (2) ure voor of ses (6) ure na die inname van MĒLTEEZ MAGNESIUM nie (sien **Ander medisyne en MĒLTEEZ MAGNESIUM**)

**As jy meer MĒLTEEZ MAGNESIUM neem as wat jy moet**
Jy kan ‘n skielike aanvang of verhoogde erns van die newe-effekte ervaar. Staak gebruik en raadpleeg jou dokter of apteker.

Die volgende is simptome van hipermagnesemie (te veel magnesium):
- blosing
- hoofpyn
- naarheid
- braking
- dorsheid
- hipotensie
- verwarring
- verlies van tendonreflekse
- spierswakheid
- hartaritmieë
- hartstilstand

Simptome van oordosis, veral by pasiënte met verswakte nierfunksie, kan ook insluit:
- lomerigheid
- stadige hartklop
- probleme met asemhaling
- duiseligheid of floutes
- dowwe of dubbele visie
- koma

In die geval van oordosis, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifsentrum.

**As jy vergeet om MĒLTEEZ MAGNESIUM te neem**
Moenie 'n dubbele dosis neem om vergete individuele dosisse in te haal nie. Neem die gewone dosis soos in hierdie voubiljet beskryf.

## 4. Moontlike newe-effekte
MĒLTEEZ MAGNESIUM kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir MĒLTEEZ MAGNESIUM gerapporteer is, is in hierdie voubiljet ingesluit nie. As jou algemene gesondheid versleg of as jy enige nadelige effekte ervaar terwyl jy MĒLTEEZ MAGNESIUM neem, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer vir advies.

Indien enige van die volgende gebeur, hou op om MĒLTEEZ MAGNESIUM te gebruik en vertel jou dokter dadelik of gaan na die ongevalle-afdeling by jou naaste hospitaal:
- swelling van die hande, voete, enkels, gesig, lippe en mond of keel, wat probleme kan veroorsaak om te sluk of asem te haal
- uitslag of jeuk
- floute

Hierdie is alles baie ernstige newe-effekte. As jy dit het, het jy dalk 'n ernstige reaksie op MĒLTEEZ MAGNESIUM gehad. Jy benodig dalk dringende mediese aandag.

Indien enige van die volgende gebeur, hou op om MĒLTEEZ MAGNESIUM te neem en vertel jou dokter onmiddellik of gaan na die ongevalle-afdeling by jou naaste hospitaal:
- duiseligheid
- floutes
- spierverlamming
- blosing
- probleme met asemhaling

Dit is alles ernstige newe-effekte. Jy mag dringende mediese aandag benodig.

Vertel jou dokter as jy enige van die volgende newe-effekte opmerk.
Simptome waarvan die frekwensie onbekend is:
- naarheid
- braking
- buikpyn/krampe
- los stoelgang (diarree)
- winderigheid

Indien jy enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie voubiljet genoem word nie, stel asseblief jou dokter of apteker in kennis.

**Rapportering van newe-effekte**
As jy newe-effekte ervaar, praat met jou dokter, apteker of verpleegster. Jy kan ook newe-effekte aan die SAHPRA rapporteer via die Med Safety APP (Medsafety X SAHPRA) en eReporting-platform (who umc.org) wat op die die SAHPRA-webwerf gevind kan word.
Deur newe-effekte aan te meld, kan jy help om meer inligting oor die veiligheid van MĒLTEEZ MAGNESIUM te verskaf.

## 5. Hoe om MĒLTEEZ MAGNESIUM te stoor
- Bêre alle medisyne buite bereik van kinders.
- Bêre in 'n koel, droë plek teen of benede 25 °C.
- Bêre in die oorspronklike verpakking.
- Beskerm teen lig en vog.
- Moenie in 'n badkamer bêre nie.
- Moenie gebruik na die vervaldatum wat op die sakkie/karton aangedui word nie.
- Besorg alle ongebruikte medisyne terug aan jou apteker.
- Moenie ongebruikte medisyne in dreine of rioolstelsels (bv. toilette) weggooi nie.

## 6. Inhoud van die pakkie en ander inligting
**Wat MĒLTEEZ MAGNESIUM bevat**
Aktiewe bestanddele per 1,3 g sakkie:

| | |
|---|---|
| Magnesiumsitraatmalaat | 600 mg |
| verskaf Magnesium (elementaal) | 90 mg |

Ander bestanddele is anhidriese sitroensuur, steviapoeier (versoeter), sorbitol (suikeralkohol), geursel (aarbei), silikondioksied.

**Hoe MĒLTEEZ MAGNESIUM lyk en die inhoud van die pakkie**
Sakkies, elk met 1,3 g fyn, wit poeier, verpak in 'n buitenste karton. Pakgrootte: 30 sakkies.

**Aspirant houer van registrasiesertifikaat**
Talo Consumer Solutions (Pty) Ltd
30 Bell Crescent
Hennopspark Ext 7
Centurion
0172

**Hierdie voubiljet is laas hersien in**
Januarie 2026

**Registrasie nommer**
Moet toegeken word.

**Toegang tot die ooreenstemmende Professionele Inligting**
Kan verkry word deur die QR-kode hieronder te skandeer.
E-pos: info@tcsbrands.co.za
Telefoon: 012 010 0815

MMP_PIL(A)_REV01_2026
Pro-Print